

25 Junie

Skrifgedeelte: Nehemia 6:1-7:3

Fokusgedeelte: Nehemia 6:9

Leiers! Weerstaan aanslae ter wille van julle roeping

'n Leier motiveer, dissiplineer en aktiveer mense wat saamwerk. Die Satan weet baie goed dat wanneer leiers struikel, groot skade in die koninkryk van God aangerig word. Deur Nehemia het God 'n herbouproses van stapel gestuur. Die Naam van die Here sou opnuut in die stad Jerusalem verheerlik word. Die herbouwerk van die stadsmure het ver gevorder – ten spyte van die teenstand van die vyande. Met die hang van die poortdeure sou hierdie deel van God se werk voltooi wees. Daarvan het die vyand nie gehou nie. Hulle wou Nehemia bykom, sodat die werk nie voltooi kon word nie.

Eers was daar skynvriendelike uitnodigings tot onderhandeling – net om Nehemia se aandag af te trek van sy eintlike taak. Hy sien egter deur hulle planne en bedank vier maal die uitnodiging. Daarna is valse gerugte oor 'n opstand teen die Persiese Ryk gebruik om hom tot onderhandeling te dwing – asof hulle sy naam wou beskerm! Laastens is die profeet Semaja omgekoop om Nehemia na die tempel te lok, omdat iemand hom glo wou doodmaak. Sou Nehemia aan bogenoemde toegee, het die vyand in hulle doel geslaag. Hulle sou hom in hulle mag kry en die werk in diens van die Here sou nie voltooi kon word nie.

As Christenleier in jou huis, die gemeente, by die skool, by jou werk en op die sportveld moet jy wakker loop vir vyande van die koninkryk van God. Op geslepe maniere wil hulle jou bykom om jou dienswerk vir die Here te benadeel.

Sing: Psalm 27:5

Dr WC Opperman (Windhoek-Suid)